

Naam en van:

Charl Venter

Naam en graad van seun:

Jewan & Ruben Venter Gr 12 en Gr 10

Skakel vir video:

https://youtu.be/tQdagi_jsFQ



Vorige Beheerliggaam ondervinding (Instansie en jare diens)

Ek het die afgelope 3 jaar op Afrikaans Hoër Seunskool se Beheerliggaam gedien op die Terrein en Geboue Komitee.

Ek is huidig voorsitter van Laerskool Tygerpoort se Onderwys Trust.

Tydens my kinders se Laerskoolfase was ek vir 'n termyn gekoöpteer op Laerskool Tygerpoort se beheerliggaam.

Beroep, vaardighede en ondervinding wat vir die skool tot voordeel sal wees.

Ek is 'n konstruksiebestuurder van beroep en is huidig in die konstruksiebedryf betrokke waar ons maatskappy hoofsaaklik betrokke is by die oprigting van kommersiële, industriële en kleinhandel geboue.

Ek het die voorreg gehad om by die nuwe Wesblokkaskmers sowel as die nuwe vooraansig projek by Affies betrokke te wees en te assisteer met veral die kontraktuele aspekte van die projek tussen die klient en die kontrakteur. Ons het ook onlangs die nuwe swembadprojek voltooi. Bo en behalwe hierdie projekte is daar menig kleiner projekte en onderhoud wat by hierdie eeu oue instansie op 'n daaglikse basis plaasvind

My visie vir my termyn op die beheerliggaam.

Ons is tans besig met Zutari, 'n konsulerende maatskappy, om 'n Meesterplan vir die skool saam te stel, wat ons in die toekoms in staat sal stel om die korrekte besluite ten opsigte van ontwikkeling en uitbreiding op ons skoolterrein te neem. Die strategiese plan sal dit moontlik maak om die korrekte besluite ten opsigte van die uitbreiding van die skoolterrein en onmiddellike omgewing te vereenvoudig in die kort-, medium- en langtermyn. Daar word ook tans gekyk na die lewensvatbaarheid van Solar installasie en watersuiwering by die skool.